# Die Byekorf

2017/03/01 Standerton Akademie

08/17

Geagte ouers

**D6 Kommunikeerder**

Indien u op hierdie stadium nog nie die toepassing afgelaai het nie, moet u asseblief seker maak dat u dit so spoedig as moontlik doen. (Kontak asseblief Daleen Podges indien jy probleme ondervind). Ouers daar gaan ongelooflik baie inligting op hierdie stelsel na u om die skool se kommunikasie so goed as moontlik te hou. Die Byekorf sal nog vandag per epos uit gestuur word.

## 3 Maart 2017 – Voorstelle en oplossings

Ouers, u word daaraan herinner om briewe met insette of klagtes nie later as 3 Maart 2017 in die voorstelle en oplossingshouer in die kantoor te kom plaas. Hierdie briewe sal dan met 'n oueraand by die onderskeie portefeuljes gehanteer word op 8 Maart 2017 om 18:00. Alle ouers word uitgenooi om hierdie aand by te woon. Na afloop van die OR-vergadering op 13 Maart 2017 sal daar terugvoer aan u gegee word rondom besluite wat geneem word tot uitbreiding en opbou van ons skool.

**Die Vleispotkompetisie**

Baie dankie aan al ons ouers wat reeds kaartjies verkoop het. Ons doen weereens 'n beroep op al ons ouers om ons te ondersteun met hierdie projek. Die skool se doelwit is dat elke leerling 10 kaartjies moet verkoop. Ouers ons weet u is besig met soveel van u eie take, maar hierdie projek is van uiterste belang vir ons skool en in besonder u kind. Dankie dat ons op u samewerking kan staat maak.

**SA Atletiek**

Leerlinge wat deelneem aan bogenoemde byeenkoms moet 'n bedrag van R110.00 per atleet aan die skool betaal nie later as 10 Maart 2017. Die skool sal dan die bedrag aan Oos-Transvaal atletiek oorbetaal.  Ouers maak asseblief seker dat u kind oor die regte kleredrag vir die byeenkoms beskik.

**13 – 17 Maart – Temaweek vir leerlinge**

Die hele skool gaan tydens hierdie week gees vang onder mekaar. Leerlinge moet aantrek volgens die onderskeie tema's (ouers moet asseblief nie ekstra onkostes aangaan nie).

| | |
|---|---|
| Maandag – | Trek aan met die eerste letter van jou naam |
| Dinsdag – | Beroepe |
| Woensdag – | Iets snaaks op jou kop |
| Donderdag – | Agterstevoor of onderstebo (elkeen moet 'n blikkie kos saambring) |
| Vrydag – | 'Pajamadag' |

**Atletiekfoto's**

Alle atletiekfoto's is by die kantoor beskikbaar om afgehaal te word.

**Diskonto Boeke**

Bogenoemde groep besoek ons skool op 27 en 28 Maart 2017 met 'n groot verskeidenheid boeke vanaf  kleuters tot volwasse leesstof. U is welkom om tydens hierdie twee dae die uitstalling in die skoolsaal te besoek.

**Majuba naweek**

Baie dankie aan al die ouers en leerlinge wat hierdie naweek bygewoon het. Dankie Salomé en Tinus vir julle hulp en organisering. (Sien foto's op D6).

**Intersaalslaap**

Standerton Akademie nooi alle Gr. R tot Gr. 7 leerlinge om die aand van 16 Maart 2017 by die skool te kom oorslaap. Daar word hope pret en speletjies beplan asook survivor en 'n lanternbekruip. (Geen ouers mag oorslaap nie). Ouers u is slegs verantwoordelik vir die kind se klere, nagklere en slaaptoerusting asook 'n kospakkie om aan te peusel. Die skool voorsien aan al die leerlinge aandete asook ontbyt. Dankie vir die mamma's wat ons hiermee help.

Program vir intersaalslaap:

| | |
|---|---|
| 15:00 – 16:30 | Survivor |
| 16:30 – 17:30 | Bou van die tente (geen tente word toegelaat) |
| 17:30 – 18:00 | Beoordeling van die tente |
| 18:00 – 19:00 | Ete (vetkoek en maalvleis / stroop) |
| 19:00 – 21:00 | Lanternbekruip |
| 21:00 – 22:00 | Marshmallow braai en sing om die vuur |
| 22:00 | Stilte en ligte uit |
| 07:00 – 08:00 | Ontbyt (roereier en worsies op 'n broodjie) |
| 08:00 – 10:00 | Opruim van die saal en terrein |
| 10:00 | Verdaag die skool |

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 1 tot 7 Maart verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| 6 Maart : Johann Schoonraad<br>6 Maart : Martiens de Jager<br>7 Maart : Alexander Meyer | 1 Maart : Alida Jv Rensburg<br>4 Maart : Yolanda Labuschagne<br>6 Maart : Wikus Pretorius<br>7 Maart : Rudolf Fritz |

**Belangrike datums**

| | |
|---|---|
| 3 Maart | Sluiting van voorstelle en oplossingsbriewe |
| 8 Maart | Oueraand (by die onderskeie portefeuljes) |
| 13 Maart | OR Vergadering |
| 13 – 17 Maart | Temaweek vir leerlinge |
| 13 – 17 Maart | Redenaarstoesprake in onderskeie klasse |
| 16 Maart | Intersaalslaap |
| 20 en 21 Maart | Geen skool |
| 24 Maart | Koekverkoping (3 jariges, graad 1 en graad 7) |
| 24 Maart | Vleispotkompetisie sluit |
| 27 – 28 Maart | Diskonto Boeke |
| 31 Maart | Skool sluit |
| 31 Maart en 1 April | SA Atletiek te Sasolburg |
| 18 April | Skool heropen |

GROETE

S. Swanepoel